’n Pluimpie vir plaaslike voedingkundige

deur **Theresa Odendaal**

Dr Rensia de Wet is vir jare al ‘n bekende gesig in perdekringe – as perderuiter, -voedingkundige en -veearts. Sy is onlangs met ‘n groot eer betoon toe sy deur die regeerder van Doebaai uitgenooi is om as persoonlike voedings- en oefeningkundige vir sy string resiesperde en uithouritperde op te tree.

Dr Rensia de Wet

Rensia is haar hele lewe al by perde betrokke. Sy het aan uithouritte deelgeneem en neem deesdae meestal aan perdespring, dressuur en skouklasse deel. Sy het aan die Universiteit van Pretoria studeer as ‘n perdevoedingkundige. Dit is hier waar haar belangstelling in die oefenfisiologie en voeding van veral uithouritperde begin het. Later het sy veeartsenykunde studeer. Vandag is sy in die Pretoria-omgewing as perdeveearts bekend en besef min mense dat sy eintlik haar loopbaan as voedingkundige begin het, en dat dit steeds haar passie is.

Deur haar betrokkenheid by uithouritte, het Rensia besef dat dit die één gebied is waar voeding en aanvullings uiters belangrik is, maar dat daar byna geen gespesialiseerde produkte beskikbaar is vir hierdie perde nie. Die meeste produkte is op resiesperde en hulle eiesoortige behoeftes gerig. Rensia het Haemo 15 ondersoek – ‘n vitamien- en mineraalinspuiting wat spesifiek aan die behoeftes van uithouritperde voldoen. Daar was net een probleem – geen spuitnaald word naby ‘n uithourit toegelaat nie.

Equisupreme, haar maatskappy wat aanvullings vir perde vervaardig, het gevolglik die Haemo-Booster Gel vrygestel. Dit bevat Haemo 15, maar word mondelings toegedien.

Die regeerder van Doebaai, Sy Hoogheid Sjeik Mohammed, is ‘n passievolle perde-entoesias en een van die rykste mense ter wêreld. Hy besit die Godolphin resiesperdestoet wat in beide Doebaai en Newmarket, Engeland, gesetel is. Sy jongste passie is uithouritte. Hy en sy gesin neem aan uithouritte regoor die Europese vasteland deel.

Hy het met Equisupreme se Haemo-Booster Gel te doen gekry en die produk het hom só beïndruk, dat hy Rensia genooi het om na Doebaai en Newmarket te gaan om sy perdevoeding asook sy oefenprogramme te evalueer en op te gradeer.

Hy het haar gevra om in samewerking met ‘n Suid-Afrikaanse maatskappy, voedingsevaluasies vir hom te doen. Rensia sal voortaan op ‘n gereelde grondslag na Doebaai gaan om die Sjeik se oefen- en voedingsprogramme te monitor en die perde se welstand tydens kompetisies te verseker.

Sy sê dit is goed om te weet dat Suid-Afrika op die gebied van perdevoeding en -aanvullings, nie vir die res van die wêreld hoef terug te staan nie – en die res van die wêreld selfs ‘n ietwat voor is. **SAH**